Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 9 November 1949 Prys 3d. No. 1

# Taal Wat Rooies Strafloos Besig

**Min. C. R. Swart het 'n paar weke gelede aan sy partykongres in Bloemfontein gesê dat hy geen mag het om die Kommunistiese Party te verbied of sy publikasies stop te sit nie. Dat hy selfs nie die reg het om 'n Kommunistiese spreker te belet om aan die naturelle te vertel dat hulle dr. Malan en genl. Smuts met knopkieries moet verwyder en dinge deur middel van 'n revolusie in plaas van vreedsame metodes moet verander nie, het verlede week geblyk toe 'n naturel teen 'n vonnis in die magistraatshof met welslae geappèlleer het na die Hooggeregshof. Regters Herbstein en Thompson het die appèl verhoor.**

Die naturel, Joseph Nkatlo, is deur die magistraat skuldig bevind op aanklag dat hy in twee toesprake op die parade taal gebruik het met die bedoeling om vyandige gevoelens tussen naturelle en blankes te bevorder. Die oortreding is gegrond op 'n maatreël wat tydens die oorlog deur die Empire-bewind aangeneem is met die doel om rasseopswepings veral teen Jode en Engelse te belet. Vandag word dit sonder enige weslae toegepas op Kommuniste.

In die betrokke toesprake het Nkatlo onder meer gesê:

### ALMAL WAT WIT IS

„Die dag sal aanbreek wanneer ons weerstand sal bied teen die diskriminerende wette van die land, en die wat ongelukkig genoeg is om wit velle te hê, sal ly omdat die mense eenvoudig nie sal uitsoek in hul blinde raserny nie. Wanneer iemand hier kom en vir julle sê dat ons op konstitusionele wyse moet veg, dan is dit omdat hy bang is om tronk toe te gaan. **Die enigste manier waarop ons ons vryheid kan kry, is deur 'n revolusie. As ons almal saam staan sal dit vir ons 24 uur neem om die huidige omstandighede te verander . . .**

### „KNOPKIERIE"

„Die Kommuniste wil 'n stelsel verskaf wat genoeg aan almal sal verskaf. Smuts en Malan sal dit nie vir julle bring nie. **Hierdie mense moet verwyder word. Ons het die mag om hulle te verwyder. Die geneesmiddel vir 'n mal hond is 'n knopkierie. Dit is die medisyne wat vir hierdie kêrels gegee moet word. Dinge sal verander word deur 'n revolusie, nie op 'n vreedsame wyse nie."**

Regter Herbstein het gesê dat as geheel geneem, die hof nie oortuig is dat die bedoeling aanwesig was om vyandige gevoelens te bevorder nie.

Die woorde van Nkatlo herinner aan die formele besluit van 'n Kommunistiese vergadering in Johannesburg in 1945

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

dat „Van Rensburg en sy generaals" soos biltong aan die lamppale opgehang moet word. **Genl. Smuts en sy bewind het toe geen notisie geneem van hierdie taal van hul bondgenote nie. Vandag word sy naam ook genoem as een van diegene wat die medisyne van die knopkierie ingegee moet word.**

# Russe Herstel Afgetakelde Vliegvelde

(Ons Duitse Korrespondent)

Sestien voormalige vliegvelde en vlieg-tegniese inrigtings word tans weer in die Duitse deel van Duitsland opgerig nadat dit ná beëindiging van die oorlog afgetakel was. Onder andere geld dit ook die vliegvelde van Waren en Wustrow in Mecklenburg. Sterk arbeidsafdelings is reeds besig om die kasernes weer op te rig. Die gesamentlike burgerlike bevolking van die skiereiland Wustrow en die naburige badplaas Rerik — 2,000 mense in geheel — is massa-gewys weggevoer na ander dele. Onder hierdie mense is daar baie vlugtelinge.

# AANVAL OP REEKS LOOPGRAWE NET 'N SKOOT LOSKRUIT?

## ALMAL BLAF NOU OOR PROTEKTORATE

**Dr. Malan se kongres-uitlating oor die inlywing van die Britse Protektorate het 'n wêreldwye reaksie gehad en dit tesame met die aangekondigde houding van die „Amptelike Opposisie" toon dat dr. Malan se verklaarde voorneme tot niks meer in die nabye toekoms sal ontwikkel as 'n „plank" in die partypolitieke stryd tussen die twee partye in ons land nie. Die eerste loopgraaf in die stryd om die inlywing van hierdie Suid-Afrikaanse gebiede vir dr. Malan is sy „amptelike opposisie" wat, volgens die woorde van genl. Smuts en sy pers, heeltemal saamstem oor die beginsel van inlywing, maar nie nou steun aan die Eerste Minister sal gee nie omdat die tyd nie tans geleë sou wees nie.**

**Die tweede loopgraaf is die Britse openbare mening en die Engelse kerke wat in hul wantroue en onwil heelwat versterking van die opposisie-pers uit Suid-Afrika ontvang. Die derde loopgraaf is die Britse regering en agter die Britse regering verrys nou ook die bontkleurige kop van die V.V.O. Die laaste loopgraaf — en daarvoor sal die Britse regering en die V.V.O. sorg — is die bevooroordeelde wil van die Protektorate self.**

In die lig hiervan kom die vraag op of dr. Malan die saak van inlywing 'n guns bewys het toe hy dit as partysaak op sy party-kongres aanhangig gemaak het voordat hy dit nog met die Britse regering bespreek het. As ervare partypolitikus moes dr. Malan geweet het dat hy net 'n loskruitskoot los wat al wat slapende hond was aan die kef sou sit.

### „OPPOSISIE" SE EKSKUUS

Genl. Smuts het in 'n toespraak gesê dat inlywing by die Unie die bestemming van die protektorate is, maar dat die goeie saak vernietig kan word deur op die verkeerde tyd daarop aan te dring. **Dit is nie nou die gewenste tyd om by die Britse regering aan te dring nie. Die parlement sal eenparig wees soos hy altyd oor die uiteindelike oogmerk was. Maar die parlement kan dalk nie eenparig wees oor die vraag of die tyd nou gewens is nie."**

Die Britse pers het besonder venynig gereageer en sy regering aangemoedig om in geen omstandighede toe te stem tot die oordrag nie. Dr. Malan se verklaring dat 'n versoekskrif van die parlement aan die Geheime Raad voorgelê sal word, word nie in 'n ernstige lig beskou nie. **Die pers meen dat dit geen uitwerking sal hê nie omdat die beslissing in die laaste instansie by die naturelle self lê wat hul goedkeuring aan so 'n stap sal moet heg.**

### SAL DAARVOOR SORG

Dat hierdie goedkeuring nooit verkry sal word nie, is 'n saak wat nie net die pers nie, maar ook die Engelse kerke hulle ten doel stel.

Laasgenoemde het met groot verontwaardigheid kennis geneem van die verklaring van dr. Malan en sal nou aandring by die Britse regering om meer geld te bestee vir die ontwikkeling van die naturelle sodat inlywing op grond van ekonomiese oorwegings voorkom kan word. Die Engelse sendingkerke het verklaar dat hulle inlywing sal beveg omdat dit die naturelle aan „diskriminasie" sal onderwerp, maar dat die naturelle dalk beweeg sal kan word om terwille van ekonomiese oorwegings hul goedkeuring aan so 'n stap te heg. **Dit moet voorkom word deur middel van ontwikkeling van die gebiede.**

### AMPTELIKE HOUDING

Die saak is ook dadelik in die Britse laerhuis te berde gebring by wyse van vrae aan die betrokke minister, P. C. Gordon-Walker. Hy het sy regering se beleid as volg verduidelik — 'n herhaling van 'n antwoord in 1935 aan die Hertzog-bewind:

**„Sy Majesteit se regering sal geen beslissing doen aleer die naturelle- en blanke bevolking die volle geleentheid gehad het om hul mening uit te spreek nie, en enige menings wat hulle mag lug en enige versoek wat òf die naturelle- òf die blanke bevolking aan Sy Majesteit se regering mag rig, sal die sorgvuldigste oorweging geniet alvorens die regering tot enige finale besluit in die saak geraak."**

### V.V.O. SE VINGER

Intussen is die saak ook in die V.V.O. aanhangig gemaak waar die verteenwoordiger van Brasilië in die voogdykomitee gesê het: „Ons wil hier sê dat ons saamstem met die regering van die Verenigde Koninkryk in sy taktvolle maar volgehoue weerstand teen die oogmerke van Suid-Afrika. **Die Verenigde Koninkryk het 'n verpligting aanvaar om verslae oor hierdie drie gebiede te verstrek en ek is oortuig ons sal die geleentheid kry om die saak te bespreek vir geval Brittanje 'n gunstige antwoord op die Suid-Afrikaanse eis gee."**

### HET REG

Die Cape Times het na aanleiding van hierdie bespreking in 'n hoofartikel daarop gewys dat die voogdykomitee se taak is om toesig te hou oor onontwikkelde gebiede wat onder die gesag van lede-state val, en dat, hoe onaangenaam 'n hernude kritiek op Suid-Afrika ook al

(vervolg op bladsy 5, kolom 3)

# BISKOP VEROORDEEL PARTYPOLITIEK

**'n Kwaai aanval op die partypolitiek wat dreig om alle sake in die party-arena te sleep, is deur die Biskop van Johannesburg, eerw. H. A. Reeves, gedoen by geleentheid van 'n sinode van sy kerk. „Afgesien van die verdraaiing van feite wat ontstaan deur dat daar van elke maatskaplike vraagstuk 'n partypolitieke saak gemaak word, met die gevolg dat die verwarring onder mense nog groter gemaak word, word daar 'n las op die politieke lewe gelê wat hy nie in staat is om te dra nie," het die Biskop gesê.**

„Hierdie kunsmatige oordrywing van die plek van politiek in die lewe van die volk is vinnig op pad om die ware politieke lewe te verwurg. Ek wil vir geen oomblik beweer dat dit 'n eienskap van net die Suid-Afrikaanse politiek is nie; **dieselfde agteruitgang in politiek is te sien in byna alle lande wat demokratiese regeringstelsels handhaaf."**

Die feit dat dit so wyd versprei is, maak dit soveel meer noodsaaklik vir die kerk om die volk te waarsku dat die insleping van elke saak in die arena van die partypolitieke stryd, nie net die lewensbelangrike vraagstukke verduister en oor die hoof sien nie, maar ook grootliks daartoe bydra om alle politiek in onguns te bring by die volk.

**Die Biskop het duidelik onderskei tussen politiek en partypolitiek toe hy hierop laat volg dat sy bedoeling nie is om politiek uit te kryt nie, want politiek is noodsaaklik indien die land uitvoering wil gee aan doelstellings wat net langs maatskaplike weg gedoen kan word.**

„Politiek is 'n noodsaaklike kenmerk van enige gemeenskap, maar die gemeenskap is ook 'n noodsaaklike kenmerk van die politiek," het biskop Reeves gesê.

# DR. MALAN MAAK VOORBRAND

**Die propaganda van die Verenigde Party se koerante en tydskrifte oor die onvermoeë van dr. D. F. Malan se regering om die land doeltreffend te regeer en die advies wat deur hierdie kringe aan dr. Malan gegee is om òf te bedank òf 'n koalisie met die V.P. te vorm het verlede week 'n afwysende antwoord van dr. Malan self ontlok.**

In 'n onderhoud met die Transvaler het dr. Malan verlede week ten aansien van die koalisie-stories gesê: „Beveg Smuts! Wees gewaarsku teen sy listige taktieke." Dit is dr. Malan se mening dat die stories nie in die Sap-koerantkantore ontstaan nie, maar dat genl. Smuts indirek daaragter sit. Hy meen dat die verspreiding van koalisie-stories die eerste stap van 'n beplande Smuts-set is. Die laaste stap van die set sal 'n definitiewe aanbod wees „om ons in ons nood te help." Sodanige aanbod, het dr. Malan gesê, mag selfs by wyse van 'n mosie in die Volksraad deur genl. Smuts self ingedien word.

### VOORBEELD

'n Voorbeeld van die V.P. se koalisie-stories is die volgende motivering uit Die Suiderstem (Kaapstad). Die blad skryf:

„Van die verre noorde tot hier in die Skiereiland het daar die afgelope weke duidelike tekens gekom dat die arbeidskorps — lede van albei partye — mekaar gevind het in die skadu van dreigende werkloosheid en stygende lewenskoste. Politieke geskille is bygelê onder die ekonomiese juk, en die begeerte het ontstaan dat alle breinkrag in hierdie land gemobiliseer moet word om die dringende vraagstukke die hoof te bied.

„Van die werkers het hierdie begeerte versprei tot die boeregemeenskap, die handel en die nywerheid. Nasionaliste en lede van die Verenigde Party het die strydpunte van die algemene verkiesing vergeet en saam beplan om die gevolge van die droogte, van invoerbeheer, van die tekort aan grondstowwe en van die hoë lewenskoste die hoof te bied."

Die Suiderstem meen dat dr. Malan se onderhoud, as 'n poging om die „eenheidsbegeerte in S.A. teë te werk", net so nutteloos sal blyk te wees soos „pop-grafies vol grond wat 'n sterk stroom moet opdam".

# IS ONS WEER OP PAD NA 1910?

**Volgens verslag in Die Burger het dr. T. E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake, verlede week by geleentheid van 'n eeufeesviering op Harrismith gesê dat „die vryheid wat in die afgelope eeu verlore gegaan het, is herwin en vandag sluit dit die hele Unie van Suid-Afrika in." Verder sou die Minister, volgens die verslag, ook gesê het dat daar in die afgelope eeu „verbasende vooruitgang gemaak is in die rigting van 'n nuwe Suid-Afrikaanse volk, een wat simpatiek maar heeltemal vry staan van die vaderlande van die mense wat die Suid-Afrikaanse volk uitmaak."**

Dit gaan moeilik om te glo dat hierdie woorde afkomstig is van dr. Dönges, maar **ons het hier te doen met 'n uitlating wat in die jongste tyd sy kop in regeringskringe begin uitsteek het, en al duideliker vorm begin aanneem, en wel op dieselfde patroon van veertig jaar gelede.** Ons ag dit daarom nodig om vroegtydig op hierdie verkeerde neiging te wys in die hoop dat diegene wat onnadenkend agter hierdie nuwe klank aanwandel, betyds tot beter insigte sal kom. Nog elke keer dat voormanne gekom het met stories van „volle onafhanklikheid" wat dan verkry sou wees en die „nuwe Suid-Afrikaanse volk" wat gebore moet word of in die proses van geboorte is, het daar verwarring onder die Afrikanervolk ontstaan wat gelei het tot groter verdeeldheid.

### WAAROM?

Die feit dat manne soos dr. Dönges, wat lid is van 'n party wat tot 'n paar jaar gelede nog die kragtigste argumente aangevoer het waarom Suid-Afrika die Britse konneksie moet verbreek, en wat die voortbestaan van die Afrikanervolk of „Boerevolk" so hartgrondig bepleit het, nou al weer begin praat van herwonne vryheid en 'n „nuwe Suid-Afrikaanse volk", laat mens die vraag stel wat die oorsaak van hierdie gedurige agteruitlopery is. **Nouliks het die volk 'n hoogte op sy vryheidspad bereik, en word die oog geslaan op die volgende hoogte, of voormanne begin weer terug te rol na onder.** Die proses van hierdie terugrolling is al eintlik eentonig om te verhaal, maar dit mag sy nut hê om in hierdie stadium dit weer in oënskou te neem as 'n waarskuwing.

### DIE STELSEL

Ons wil dadelik sê dat ons dit nie aan die persone self in die eerste plaas wil toeskryf nie. **Die oorsaak lê in die Britse parlementêre stelsel wat op ons volk deur die veroweraar afgedwing is juis met die doel om hom magteloos te hou. Trouens, dit het in die afgelope halwe eeu duidelik geword dat 'n party republikeins is solank hy ver in die opposisie is — mits republikanisme in die mode is — maar sy republikanisme verloor sodra hy regeer en dus by magte is om sy republikanisme toe te pas.**

In 1904 het genl. Botha nog die Afrikanersaak bepleit en gesê dat selfs 'n wurm hom krul as hy getrap word, maar in 1910, toe hy aan bewind was, het hy al lank 'n nuwe klank laat hoor: **„Laten wij daarom volgen een politiek van verzoening en verdraagzaamheid . . . . Het is myn ideaal om uit de verschillende nationaliteiten die in Zuid-Afrika blijven een nieuwe natie te scheppen en aan te moedigen", lui sy verklaring op 5 Julie 1910.**

Ons verneem hierdie klank nou weer op Harrismith.

### EERSTE BEDRYF

Kort na die rebellie van 1914 was die Nasionale Party nog so bevrees vir Engelse stemme dat hy uit sy pad gegaan het om die Britse vlag te verheerlik. Op 18 November 1915 het dr. Malan byvoorbeeld op die kongres te Ceres gesê: „De Britse vlag in de handen der Nationale Party, was even veilig, indien niet veiliger dan met eenige ander party." (Die Burger 19 November 1915).

Die Burger van 3 November het selfs 'n loflied oor die Union Jack aangehef: **„Maar waarom hechten wij daaraan soveel waarde dat het met geld niet betaald kan worden? Het antwoord is omdat de vlag staat voor een zeker stelsel van regeering."**

In 1917, egter, het die republikeinse gevoel onder die volk gedreig om hande uit te ruk toe die stigting van 'n republikeinse volksbeweging oorweeg en die datum selfs vir 8 Augustus bepaal is. **Hierop het die Nasionale Party na vore gekom as voorstander van republikanisme nadat die Federale Raad 'n besluit geneem het dat die republikeinse gevoel „onder behoorlike discipline zal gebracht worden" (Die Burger 20/7/1917). 'n Paar jaar later sien ons selfs die partyleiers as 'n deputasie vertrek om die vryheid te gaan vra op die vredeskonferensie.**

### OPGESKORT

In 1924 kom die party aan bewind nadat hy vooraf 'n verklaring uitgereik het dat die republikeinse kwessie nie deur hom na vore gebring sal word nie, en 'n paar jaar later verkry genl. Hertzog die soewereine onafhanklikheidsverklaring waarvan hy self getuig: **„Ek het altyd volgehou dat ons in 1910 volstrek vry was . . . hoewel ons sinds 1910 vry was, het daar nog altyd ontbreek dat Engeland en die koning van Engeland nog nooit daardie posisie aan die buitewêreld verklaar het nie."**

Van nou af hoor die volk net hoe vry hy is, en dr. Malan verklaar op 7 Oktober 1927: „Die posisie is vandag dat Suid-Afrika die grootste vryheid besit wat 'n volk kan besit . . . **om daardie rede sê ons ook vandag dat daar 'n end in Suid-Afrika gekom het aan wat die afskeidingsbeweging genoem is."**

### WEER REPUBLIKEINS

Sedert 1936 het die Nasionale leiers weer republikeins begin praat, en veral tydens die oorlogsjare het die volk baie gehoor van die noodsaaklikheid dat die Britse konneksie verbreek moet word.

„Die Party sal sy onderneming om 'n republiek tot stand te bring, getrou nakom", het dit gelui in 'n verklaring van die Federale Raad in 1941, en dr. Malan het herhaaldelik nog boonop beduie hoe die republiek moet lyk: **„Ons wil nie hê 'n republiek op Engelse model nie . . . Ons wil hê die republiek van Kruger en Steyn, daarop ons toekoms bou en dit aanpas by ons omstandighede. Dit moet 'n aangenome saak wees dat dit 'n Christelik-nasionale republiek is waarin die land se rykdom aan die volk behoort."** (Die Burger 3 November 1941).

### AFRIKANERVOLK

Mnr. A. J. Werth het selfs so ver gegaan om, volgens Die Burger van dieselfde datum, op Oudtshoorn te verklaar dat: **„Ons wil 'n republiek hê waarin die Afrikaner baas is. Dit moet wees 'n stelsel uit die hart van die volk."** En dr. Malan het op Elliott na aanleiding van 'n vraag gesê: **„Hier is maar een volk, die Nasionaalgesinde Afrikanervolk. Die ander is nie 'n volk nie, hulle is**

*(vervolg in volgende kolom)*

*(vervolg van vorige kolom)*

**'n deel van 'n volk oor see."**

Op hierdie hoogte is die volk 'n paar jaar lank gehou, maar voor die verkiesing in 1948 het die party by monde van sy leier, weer net soos in 1924, aangekondig dat die verkiesing nie oor 'n republiek sal gaan nie. **Dit was die eerste terugwaartse stap.** Nadat die Nasionale Party aan bewind gekom het, is dr. Malan na 'n imperiale konferensie in Londen. By sy terugkeer het hy in die parlement, volgens Hansard No. 15, gesê: „En op een punt voel ons nou eens en staan ons bymekaar, **en dit is dat ons graag by die Statebond onder enige omstandighede wil bly, om redes wat ek genoem het."**

### BRITSE STELSEL AANVAAR

**Dit was die tweede stap in die proses van agteruitgang,** en waar dr. Malan in 1941 nog baie duidelik gesê het dat ons geen republiek op „Britse model" wil hê nie, sê hy nou, in dieselfde toespraak, in verband met die saamhorigheid van die Statebond: **„Maar daar is 'n gemeenskaplikheid van uitkyk op politieke gebied; dit is selfs so in die geval van Indië wat andersins miskien die verste af staan van die ander lede van die Statebond, dat hulle besluit het om hul konstitusie in te rig op die model van die Britse konstitusie en ons s'n hier.** Met ander woorde hulle is wel 'n republiek, maar hulle is 'n demokratiese republiek, **en hulle wyse van parlementêre regering is of bly grotendeels dieselfde as wat dit tevore was."**

### NUWE VOLK

Die sirkel was nou byna voltooi. Al wat nou nog kort gekom het, was die „nuwe Suid-Afrikaanse volk" en ons sou weer staan waar die Afrikanerleiers in 1910 gestaan het toe die Britse vryheid deur genls. Botha en Smuts hooggeroem was en hulle gepleit het vir „'n nuwe Suid-Afrikaanse volk" wat uit „nasionale eenheid" gebore moet word.

Hierop is nie lank gewag nie. 'n Paar weke gelede het hierdie geluid begin opklink toe Die Burger gepleit het dat ons net die „goeie" wat „saambindend" is uit die verlede moet ophaal, wat „ook die saak van nasionale eenheid ten goede (sal) kom." En baie gou is die „nuwe klank" al opgevang deur die gewone partylede, soos blyk uit 'n brief van 'n „bekommerde" vrou, wat in die Sap-taal van veertig jaar gelede pleit vir versoening en die begrawing van die verlede.

En eindelik kom dr. Eben Dönges nou en verklaar op Harrismith dat ons vryheid reeds herwin is en dat ons fluks gevorder het in die rigting van 'n „nuwe Suid-Afrikaanse volk".

### GEMEENSKAPLIKHEID

Laat ons dit duidelik stel: **Ons het nie hier in die eerste plaas te doen met die swakheid van mense nie, maar met die verskynsels van 'n verkeerde stelsel. Die Britse parlementêre stelsel is Engels in oorsprong en werking en hy laat mense wat daarbuite sterk republikeins is, telkemale daarbinne die „gemeenskaplikheid van uitkyk op politieke gebied" waarvan selfs Indië nie kan loskom nie, ontwikkel.** En die prys wat die Afrikanervolk daarvoor betaal, is nie net sy republiek nie, maar ook sy identiteit as Afrikanervolk, **want in sy plek moet daar kom „'n nuwe Suid-Afrikaanse volk" wat in die woorde van die Cape Times, „nóg Afrikaans nóg Engels" moet wees.**

### VOLKSBEWEGING NODIG

Die republikeinse ideaal sal buite die partypolitiek gered moet word. Dit het niemand minder nie as Die Transvaler in 1943 te kenne gegee. In 'n artikel oor die Republikeinse Bond het die blad in sy uitgawe van 5 April verwys na die ondergang van die republikeinse ideaal binne die destydse Nasionale Party, en toe as volg geskryf: **„Dat die ideaal nie na 1928 gesterf het nie, maar dat dit aan die lewe gebly het, moet in 'n groot mate toegeskryf word aan die paar manne wat in 1930 die Republikeinse Bond gestig het."**

**Vandag vervul die republikeinse Ossewabrandwag die taak van die nie-partypolitieke Republikeinse Bond van destyds, en die nageslag — en miskien dr. Dönges — sal hom ook nog eendag dank vir die behoud van die republikeinse ideaal.**

# „VERGEET VERLEDE TERWILLE VAN ENGELSE STEMME"

**„Meneer, sien u dit nie ook so in, dat hierdie prysenswaardige hulde aan ons brawe Voortrekkers plek-plek oordrywe word en rassehaat sal bevorder nie?" skryf 'n leser in Die Burger wat haarself „Bekommerde Boervrou" noem. Die brief volg op 'n paar hoofartikels van genoemde in min of meer dieselfde trant.**

Die skryfster gaan voort: „Dr. Malan het ons laasjaar gesê dat die Nasionale Party nooit aan bewind kon gekom het, was dit nie dat so baie van ons Engelse vriende aan ons kant gestem het nie. **Watter goed kan dit dan doen om die gevoelens van die mense nou seer te maak deur al die ou wandade weer op te haal, van 50 jaar gelede en meer?**

„Verstaan my goed, meneer, ek het geen partydigheid vir 'n Engelsman nie, maar waarom moet ons sulke mense wat met ons wil saamwerk en saamleef, waarom moet ons hulle weer wegja uit ons Party deur eintlik 'n demonstrasie te maak van die sondes van hul voorvaders terwyl ons eie as onbevlek voorgestel word? **Sal hulle ooit weer Nasionaal stem? Dit is al wat ek wil weet . . .**

„Ek het my Regering innig, innig lief. Ja, ek kan byna my lewe gee om hulle aan bewind te hou terwille van die land se vooruitgang. Waarom tog moet daar altyd tweedrag in hierdie dierbare land wees? **Ons het almal se stem nodig. Laat die dooies hul eie dooies begrawe."**

### DIE MOTIEF

**Hierdie brief openbaar op heel openhartige wyse die eintlike motief wat die mondstukke van die Regering in die jongste tyd gedryf het tot die oproep om 'n deel van die verlede te vergeet — net soos dit vyftig jaar gelede ook gedoen is deur manne soos genls. Botha en Smuts. Dit toon ook hoe elke politieke party maar die weg van sy voorgangers binne die Britse parlementêre stelsel bewandel.**

Ook 'n ander leseres het die vrymoedigheid gehad om te pleit dat „die bittere herinneringe" begrawe moet word. Hierdie briewe openbaar 'n proses wat aan ontwikkel is in sekere nasionale kringe.


**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**

**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

**NET 'N PAAR ITEMS**

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... @ 15/- elk
Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... @ 29/6 elk
Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... ... ... @ 6/9 elk
Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/- per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 7/8 per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... @ 5/7 per Riem
Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad,
pryse vanaf £3/5/-

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

# Engelssprekendes Erken Euwels Van Parlementarisme

**Dat die euwels van die partystelsel ook al meer deur Engelssprekende Suid-Afrikaners ingesien word, het in die jongste tyd geblyk uit uitlatings in die pers. 'n Tyd gelede het daar 'n brief van 'n korrespondent in die Cape Times verskyn waarin hy onder meer verklaar dat hy vir die afgelope jare nie meer stem nie. Na aanleiding hiervan skryf iemand wat homself „Democrat" noem, as volg:**

„Dit skyn of daar geredeneer kan word oor die vraag of die huidige stelsel van parlementêre verteenwoordiging nie 'n opknapping nodig het nie en of sommige van die bestaande bitterheid nie sal verdwyn in 'n meer algemeen verteenwoordigende stelsel wat voorsiening maak vir die amptelike lugging van alle openbare standpunte nie.

„Een van ons briefskrywers het kort gelede gesê dat dit al 'n paar jaar is sedert hy laaste gestem het. **Indien dit beteken dat hy nie bereid is om vir enige politieke party te stem nie, mag hy miskien dit die moeite werd ag om vir 'n kandidaat te stem wat die grootste indruk op hom maak (selfs al sou hy nie ten volle met hom oor alles saam stem nie) indien hy weet dat die regerende liggaam in die parlement nie uitsluitend saamgestel sal wees uit mense van een kleur nie, maar uit verteenwoordigers van alle gedagterigtings.** Die vernaamste voordeel hiervan sal wees dat buitensporige partyskap verminder en outokrasie ontmoedig sal word.

„Ek bedoel nie hiermee 'n koalisie-bewind nie, maar 'n alle-party-kabinet wat rondom die kabinetstafel sal uitvind dat sy lede meer in gemeen het as wat hulle voorheen besef het, ten spyte van hul hoof-afwykings."

### ONBEKEND

Dit is natuurlik moeilik vir 'n Engelssprekende wat nooit iets anders as parlementêre regering geken het nie, om 'n plaasvervanger vir hierdie lamlendige stelsel te vind waarin daar geen partye sal wees nie. **Die Afrikaner het egter so 'n stelsel in sy Republieke gehad, en dit is sy plig om dit aan die Engelssprekende te verduidelik.** Proporsionele verteenwoordiging van partye bring weer nuwe nadele mee wat in sommige opsigte die nadele van die tweepartystelsel oortref. **Die enigste uitweg uit die huidige magteloosheid is 'n partylose volksregering soos in Transvaal en die Vrystaat bekend was.**




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, **vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel,** Posbus 2721, Kaapstad."

Gebruik
**EPOL**
GEBALANSEERDE
**RANTSOENE**
*vir*
**Maksimum-Produksie**
*en*
**Groter Besparing**
**EPOL**
S.A.P.V.
**Pluimvee Mengsels en Pille**
**EPOL**
**Suiwel- Kalf- en Varkmeel**




VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS LTD.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414

# Moontlike Redes Vir Afstel Van A.P.-Kongres

## Laaste Kans Vir H.N.P.?

**Die bekendmaking dat die Kongres van die Afrikanerparty vir 'n onbepaalde tyd uitgestel is, het heelwat gissings oor die ware rede vir die uitstel laat ontstaan. Amptelik is as rede aangegee min. N. C. Havenga se buitelandse besoek en sy drukke werksaamhede daarna wat hom verhinder het om die nodige aandag aan die binnelandse politiek te wy. Dit is bes moontlik heeltemal juis, veral as die onopgeloste kwessie tussen die H.N.P. en die A.P. in gedagte gehou word.**

**POLITIEK IN OëNSKOU**
**DEUR 'N MEDEWERKER**

Dit dien onthou te word dat die gewraakte diskriminasie-beleid van die Herenigde Nasionale Party teen die O.B.-lede van die Afrikanerparty nog steeds voortbestaan. **Geeneen van die 1949 provinsiale kongresse van die H.N.P. het hierdie diskriminasie-beleid herroep nie.** Derhalwe hou die H.N.P. die deur van die H.N.P.-A.P.-bondgenootskap nog dig-toe vir die duisende O.B.-lede van die A.P. **Dit is vanselfsprekend dat hierdie ongerymde situasie wat diep vernederend is vir die O.B.-lede wat by die A.P. aangesluit het nie kan voortduur nie. Trouens die diskriminasie-beleid van die H.N.P. teen wettige lede van die A.P. ondermyn die hele grondslag van die twee partye se samewerking. En daarbenewens verhoed hierdie diskriminasie-beleid van die H.N.P. reeds by voorbaat 'n moontlike amalgamasie tussen die twee partye, want die A.P. kan tog nie met die H.N.P. amalgameer en die grootste gros van sy lede buite die amalgamasie laat nie.**

### SNAAKS

Maar die snaakste van alles is dat die H.N.P.-kongresse ewe vroom voorstelle oor amalgamasie tussen die twee partye aanneem ten spyte daarvan dat hulle volhardend bly diskrimineer teen duisende lede van die party met wie hulle kwansuis wil amalgameer!

Dit is ongetwyfeld een van die raaisels van ons binnelandse politiek waaraan min. Havenga tans nog aandag bestee.

Ek wil graag die aandag vestig op die feit dat die A.P. se kongres vir 'n **onbepaalde** tyd uitgestel is. **Myns insiens dui dit daarop dat 'n buite faktor waaroor die A.P. geen beheer het nie nou die datum van die kongres gaan bepaal.** Ek glo dat die A.P. se kongres nie gehou sal word voordat dr. Malan sy wetgewende program vir aanstaande jaar bekend gemaak het nie. Die presiese aard van die kleurwetgewing wat dr. Malan aan sy party se kongresse beloof het om aanstaande jaar Januarie-maand in die Volksraad in te dien, is ongetwyfeld 'n ander raaisel van ons binnelandse politiek wat vandag min. Havenga se aandag in beslag neem.

### HERTZOG-TRADISIE

Toe min. Havenga drie jaar gelede in die politiek teruggekeer het en toe dr. Malan 'n jaar daarna met hom 'n ooreenkoms gesluit het, het die leier van die A.P. dit onomwonde en uitdruklik gestel dat hy die Hertzog-tradisie en die Hertzog-beginsels in die nasionale politiek kom verteenwoordig. En op hierdie basis het dr. Malan destyds onderneem om met die A.P. saam te werk, want—so het dr. Malan gesê— daar is geen verskil tussen die A.P. en die H.N.P. nie. Dr. Malan se woorde is destyds in politieke kringe uitgelê om te beteken dat die H.N.P. sy „gesuiwerde" skoene ontgroei het en nou saam met die A.P. die volwasse stadium van verantwoordelike politiek wil intree.

### GESUIWERD

Die diskriminasie-beleid van die H.N.P. teen die O.B.-lede van die A.P. het egter in die vroeë dae van die bondgenootskap reeds bewys dat die H.N.P. nog maar steeds 'n „gesuiwerde" party is, hierdie keer „gesuiwer" van republikeinse Afrikaners. En tydens min. Havenga se jongste besoek oorsee het dr. Malan op sy party se kongresse boonop aan sy volgelinge belowe om kleurwetgewing vir partygewin deur die parlement te forseer met 'n toevallige party politieke meerderheid— en selfs sonder ons bondgenote, het min. Strydom ingewerp. Dr. Malan het die noodsaaklikheid van die kleurwetgewing beklemtoon deur daarop te wys dat as die nodige wetgewing eers eenmaal aangeneem is, die kiesafdeling Paarl, byvoorbeeld, nooit weer vir die H.N.P verlore sal gaan nie.

### BOTS

Maar hierdie partypolitieke kleurwetgewing wat dr. Malan in vooruitsig stel bots met die tradisionele Hertzog-beleid wat deur min. Havenga gevolg word en wat bepaal dat fundamentele kleurwetgewing—dit is wetgewing wat die regte van nie-blankes of vermeerder of verminder — **nie met toevallige partypolitieke meerderheid vir tydelike partygewin deurgevoer mag word nie, maar dat dit wel in belang van al die blankes met die volkswil deurgevoer moet word. Partypolitieke kleurwetgewing is tydelik van duur want 'n volgende partyregering herroep dit (soos met genl. Smuts se Asiate-wetgewing gebeur het), en sodoende maak partypolitieke kleurwetgewing die heerskappy van die blanke tot 'n spot vir die nie-blanke.** Kleurwetgewing daarenteen wat gerugsteun word deur die volkswil is blywend van duur en onderstreep dientengevolge die heerskappy van die blanke man.

Dit is derhalwe duidelik dat dr. Malan op sy kongresse kleurwetgewing beloof het wat bots met die Hertzog-tradisie waarvolgens die A.P. sy koers bepaal. Wat dr. Malan op sy kongresse sê is egter nog lank nie die wetgewing wat hy in die parlement voorstel nie. In alle waarskynlikheid sal die A.P.-kongres dus nie plaasvind voordat dr. Malan sy voornemende wetgewing bekend gemaak het nie.

### LAASTE KANS

**Die feit dat die A.P. se kongres uitgestel is, bied aan dr. Malan en die provinsiale leiers van sy party nog 'n kans— moontlik 'n laaste kans.** Daar is nog ter elfder ure geleentheid vir dr. Malan en sy party om 'n gedragslyn te volg ten opsigte van sowel landsbeleid (kleurwetgewing) as partybeleid (diskriminasie) wat dit nie onmoontlik sal maak vir die A.P. om die samewerking met die H.N.P. voort te sit nie.

Hoe sterk is die begeerte van

*(vervolg in kolom 2)*

*(vervolg van kolom 5)*

die H.N.P. leiers om die samewerking van die A.P. te behou? Op hierdie vraag sal die leiers van die H.N.P. ter gelegenertyd self die antwoord moet verstrek.

### ALLEEN REGEER

In die tussentyd egter word in H.N.P.-kringe gespekuleer oor die moontlikheid van die H.N.P. om voort te gaan om die land te regeer as die partyleiers 'n breuk met die A.P. forseer. Blykbaar word in vooraanstaande H.N.P.-kringe geglo dat dit wel kan gebeur. Sodanige mening veronderstel egter dat verskeie volksraadslede van die A.P. dan hul leier sal moet verraai en hul beginsels sal moet verloën deur by die H.N.P. aan te sluit. Tot op datum egter weet ek van geen rede om te twyfel aan die trou en beginselvastheid van die volksraadslede van die A.P. nie. In die H.N.P.-kringe heers voorts die oortuiging dat indien daar 'n breuk tussen die twee partye ontstaan mnr. Havenga en die „paar" volksraadslede wat by hom sal staan hul setels sal bedank en dat die H.N.P. dan die vakante setels met hul eie volksraadslede sal kan opvul. Op hierdie manier sal die A.P. en sy leier uit die openbare lewe van ons land verdwyn.

### WAARSKUWING

**Ek wil ernstig waarsku teen hierdie soort spekulasies.** Dikwels gebeur die teenoorgestelde van wat die slimmerds voorspel. En bowendien kan onbesonne en oorhaastige spekulasies oor moontlike H.N.P.-voordele in geval van 'n H.N.P.-A.P. breuk enkel en alleen die samewerking tussen nasionale Afrikaners noodlottig ondermyn.

**Laat elkeen homself liewer toespits op spekulasie oor hartelike samewerking en groter eenheid. En laat die slimmerds wat partyvoordeel oral soek, gewaarsku wees deur die uitslae van die Randse en Pretoriase munisipale verkiesings wat die onrusbarende opkoms van die V.P. en die ewe onrusbarende aftakeling van die H.N.P. aankondig.**

**Vir ál hierdie—**

U huis—


—U Meubels
U Kar—


Beskerm uself teen skade en verlies, deur —

**'n SANTAM-Polis**

**SANTAM**
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
**Takke en Agentskappe Oral**
2808-5a

SM 4029




**SPRINGBOK**
**Medium**
DIE GELUKKIGE KEUSE

# BRITTANJE HET REDE OM TE LAG

Wetenskaplikes in landbou het in die jongste tyd sterk bewus begin word van die gerief om plae te bestry met teenplae. As 'n insek kwaad doen in die tuin, dan, het hulle gevind, is dit baie beter om 'n ander insek wat die ander een aanval en uitroei in die tuin te los as om met spuitmiddels te lol wat dikwels die natuur nog verder verstoor.

**Dit is hierdie selfde beginsel wat die Engelse diplomate al die afgelope halwe eeu op Suid-Afrika toepas sonder dat ons volk behoorlik kan besef wat nou eintlik met hom verkeerd is dat hy nie vooruit kan kom ten spyte van mooi toesprake en sterk kongresbesluite nie. Toe die Engelse as voorwaarde vir selfbestuur gestel het dat die Britse parlementêre stelsel die ou Boerestelsels moet vervang, het hulle seker gemaak dat die Afrikaanse republikeinse „insek" altyd beveg sal word deur 'n „opposisie-insek" wat sal sorg dat die vrugte van die Empire ongeskonde vir John Bull bewaar bly. Geen groot skade sal ooit deur die Afrikaanse „insek" aangerig kan word solank daar gesorg word dat hy voortdurend aangeval word deur 'n „teen-insek" binne die land nie.**

Daardie rol van teen-insek word gespeel deur sy Majesteit se Opposisie wie se betaalde en amptelike taak dit is om alle wetgewing of maatreëls teen te staan en te verongeluk wat deur die regering oorweeg word.

**SMUTS IN DIE HOEK**

'n Treffende voorbeeld hiervan vind ons in die uitlating van dr. Malan voor die Vrystaatse kongres van sy party in verband met die oordrag van die Britse Protektorate aan die Unie-regering. Dr. Malan het sy kongresgangers verseker van sy voorneme om iets te doen wat genl. Smuts saam met genl. Hertzog in 1935 al gedoen het. **Teen die beginsel kan genl. Smuts dus geen fout vind nie — hy begeer dit self. Maar genl. Smuts is die betaalde Opposisieleier binne die parlement, en dit is sy taak om alles teen te staan wat die regering beoog — dit word van hom kragtens die reëls van die spel verwag.** Met hierdie uitlating het dr. Malan dus 'n baie moeilike eis aan sy „opposisieleier" gestel. Die man stem met hom saam in beginsel en hy het trouens al self, toe hy aan bewind was, dr. Malan se standpunt verkondig **en toe al aan Brittanje gevra wat dr. Malan voornemens is om nou, vyftien jaar later, ook te vra.**

Maar genl. Smuts is 'n veteraan in die parlementêre spel en soos 'n ervare beroepsbokser ontduik hy dr. Malan se uitklophou en seil onder hom in met 'n teenaanval. Alles is reg, sê genl. Smuts, daar is niks verkeerd met dr. Malan se oogmerk nie, en die parlement sal eenparig kan wees daaroor, **maar omdat dit nie nou die regte tyd is nie, sal die parlement nie eenparig kan wees nie!**

Die deskundiges in Londen was seker besonder nuuskierig om te sien of hul „teen-insek" ook in hierdie geval sy werk sou verrig. Die twee Suid-Afrikaanse „insektes" het op 'n plantjie te lande gekom wat gemeenskaplike voedsel vir albei is, en hulle kon dalk ophou om mekaar te vreet. Maar die Britte is nie in hul verwagtings teleur gestel nie. Die teen-insek het sy werk verrig; **sy Majesteit se Opposisie het sy Majesteit nie in die steek gelaat nie.**

**HOE KAN DIT?**

**Hoe kan die inlywing van die Protektorate ooit langs die weg van hierdie parlementêre spel bewerkstellig word? Nooit kan die volk van Suid-Afrika sy eenparige stem laat hoor nie. Brittanje het altyd die versekering dat 'n deel van die Unie-burgers so 'n stap sal teenstaan, dan nie uit beginsel nie, dan wel onder voorwendsel van metode of taktiek.**

Intussen kan die Britte voortgaan om propaganda teen die Unie in hierdie gebiede te maak totdat hulle later „as die tyd ryp is" met groot gebaar gevra sal word om hul goedkeuring aan so 'n stap te verleen — **wat hulle dan vanselfsprekend nie sal doen nie.** Dan sal van Britse kant ook gespog word, soos daar reeds ten opsigte van Nigeria gedoen word, dat die gebiede te hoog ontwikkel is om meer deel van 'n Afrika-segregasie-plan uit te maak.

**OOK V.V.O.**

Maar dit is nie al nie. **Intussen het die V.V.O. ook al seggenskap begin kry oor die Protektorate soos ook die Cape Times erken waar hy in 'n hoofartikel beklemtoon dat die V.V.O. geen inmenging pleeg as hy die oordrag van die Protektorate bespreek nie, omdat Brittanje ingewillig het om verslag oor die gebiede aan hom te doen. Onderwyl sy Majesteit se Opposisie dus sy vertragingswerk in die Unie-parlement doen, is Brittanje besig om hom so deeglik in te grawe agter die Protektorate dat die oordrag daarvan nooit meer as 'n droom van Afrikaanse politici sal word nie.**

Maar afgesien van hierdie aspek van die saak is daar nog 'n ander punt wat aangeroer behoort te word. **Dr. Malan het nou 'n hele bol stof opgejaag omdat die partystelsel ook vereis dat hy aan sy partykongres die een of ander boodskap moet lewer, net soos daar oor die republiek al baie boodskappe op partykongresse gelewer is sonder dat die republiek ooit nader gekom het.** Met die Britse regering is nog nie eens oor die saak onderhandel nie. Bloot terwille van partypolitiek word hierdie saak nou op 'n kongres aanhangig gemaak en daardeur so erg vertroebel dat dr. Malan

*(vervolg in volgende kolom)*

*(vervolg van vorige kolom)*

**nie meer in staat sal wees om die Britse regering daaroor te nader nie. Dit is by voorbaat al in die Britse parlement bespreek en afgekeur.**

**As dr. Malan werklik iets in hierdie rigting tot stand wou bring, moes hy by geleentheid van die Imperiale Konferensie aan die begin van die jaar as prys vir sy ondersteuning aan die Britse diplomate se set om Indië vir die Empire te behou, geëis het dat Suid-Afrika in ruil daarvoor die Protektorate ontvang.** Dan het hy 'n daad van staatsmanskap gedoen. Nou egter het dr. Malan nie net die republikeinse ideaal gaan afwater op versoek van Britse diplomate nie, maar in sy geplas binne die Britse parlementêre stelsel met sy teeninsek-beginsel is hy ook besig om die rooi kolle binne die Unie-grense altyd Empire-rooi te hou. **Dit sal dr. Malan pas om 'n bietjie sy toesprake van 1940-41 op te lees waarin hy die Britse parlementêre stelsel so skerp veroordeel het as 'n instrument van kapitalisme en imperialisme.**

# Britse Advokaat Lees Geallieerdes Die Les

*(Van Ons Korrespondent in Duitsland)*

**Die Geallieerdes het heelwat van die waarheid te hoor gekry uit die mond van die Britse advokaat (Paget) toe hy 'n paar weke gelede met sy verdediging van veldmaarskalk Fritz Erich von Manstein begin het. Hy het ook op die onregverdigheid en teenstrydigheid van die Neurenbergse „verhoor" gewys.**

**„Ek het my dikwels die vraag gestel of 'n generaal deur sy veroweraars vrygespreek kan word," het Paget gesê. „Manstein bevind hom teenoor 'n reg wat nog nêrens geformuleer is nie. Die dokumente is in Washington uitgesoek net ooreenkomstig die standpunt van die vervolging.** Ook die verkryging van getuies is gevolglik baie moeilik omdat die getuies bang is en in onsekerheid verkeer ten opsigte van die gevolge vir hulle self."

Met verwysing na die regsgeldigheid van Neurenberg het Paget gesê dat die veroordeeldes volgens 'n reg veroordeel is wat ten tyde van die oortreding nog nie bestaan het nie. **Ook die posisie van die Russe op die regbank het hy aan die kaak gestel en nie nagelaat om daarop te wys dat die destydse Russiese hoofaanklaer, Rudenko, vandag kommandant is van die konsentrasiekamp van Sachsenhausen!**

**GEEN VOLKEREG**

„Die Neurenbergse vonnisse het geen volkereg geskep nie, omdat dit nie vir die oorwinnaars geld het nie. Volkereg moet vir die hele wêreld geld. Hierdie militêre geregshof was 'n hof net van die oorwinnaars, dit het die Amerikaners toegegee. Hul regters het uit die westelike deel van hul land gekom, **en onder hul name was daar nie een wat al ooit iets met volkereg te doen gehad het nie. Hierdie grasvlakte- (prairie) regters het wild en wakker veroordeel waar staatsmanne nie sou waag om 'n oordeel te vel nie."**

Die term „grasvlakte-regters" het sterk protes aan die aanklaer ontlok.

**HOËRE BEVELE**

Met besondere nadruk het Paget te velde getrek teen die voorneme om Von Manstein te straf omdat hy hoëre bevele uitgevoer het. Hy het verwys na die aanval op die Franse vloot by Oran op bevel van Churchill waarin 1500 Franse seeliede die lewe ingeskiet het. **Sou u admiraal Somerville nie ontslaan het as hy die bevel geweier het nie? Dit was in belang van die land dat hy die bevele uitgevoer het. Die geregshof het dus geen reg om 'n stelreël neer te lê wat 'n leërhoof die reg gee om bevele te weier nie.**

In verband met die getuienis omtrent gruwele in Pole het Paget gesê dat die getuienis onbetroubaar en oordrewe is. Die Poolse owerheid het gruwelverhale omtrent die Duitse troepe versamel, en ook hier is dit moeilik om getuies te verkry omdat die mense bang is. In naamlose briewe lui dit: „Ons het vyande" of „Ek het familie in die Russiese gebied."

**NET SOOS AMERIKANERS**

Die advokaat het ook daarop gewys dat alle oortredings waarop die Duitse leërowerheid in Rusland die doodstraf toegepas het, ook deur die Amerikaanse leër onder Eisenhower in sy opmars in Duitsland met die dood strafbaar gemaak is. **'n Engelse generaal wat hierdie bewering wou staaf met getuienis dat die Duitse maatreëls in Rusland om hul troepe teen partisane te beskerm, selfs ligter was as dié van die Engelse, se getuienis is deur die hof nie toegelaat nie.**

**„Die grens van menslikheid is veel ernstiger deur die Russe oorskry. Dit is veel eerder 'n openbare plig om navraag te doen na die verblyf van die 3,000,000 Duitse krygsgevangenes in Rusland en opheldering te kry oor die moorde by Katyn."**

**ONSIGBARE KROONGETUIES**

Paget het versoek om 'n verslag van 'n Amerikaanse kommissie van ondersoek na mishandeling van beskuldigdes voor hul verhoor, in te dien. **Die doel daarmee was om aan te toon dat daar nie peil getrek kan word op die getuienis van 'n paar voormalige S.S.-lede teen Von Manstein nie, omdat die getuienis deur middel van brutale dwang afgepers is.** Teenoor Von Manstein se verklaring dat hy geen kennis gedra het van die uitroeiing van Jode nie, staan die getuienis van Ohlendorf en sy S.S.-leiers Seibert, Braune en Schubert. Tydens en na hul verhoor in Neurenberg het hulle verklaar dat die leër en in besonder Von Manstein bewus was van hul bedrywighede in die gebied van die 11de Leër (waaroor Von Manstein bevel gevoer het) waar ongeveer 90,000 mense hierdie uitroeiingsaksie ten prooi geval het.

**REK HUL LEWE**

Paget wil die onwaarheid van hierdie bewering aan die kaak stel. Hy het gesê: **„Hierdie mense van die S.S. wat reeds meer as 'n jaar as ter doodveroordeeldes in Landsberg sit, hou hulself net daardeur aan die lewe dat hulle die Amerikaanse aanklaers met hul bewerings 'n diens bewys."**

Hierop het die aanklaer afgesien van die voorneme om hierdie veroordeeldes as getuies in die hof te laat verskyn. Hulle is deur 'n kommissie in teenwoordigheid van die verdediging in die Landsbergse tronk ondervra. Ohlendorf self sou geweier het om getuienis vir die aanklaer te lewer, behalwe as hy daartoe gelas word. Voorheen het hierdie Ohlendorf allerlei beskuldigings teen Von Manstein gemaak. Ohlendorf is een van die merkwaardigste figure wat in Neurenberg verskyn het. Dit het niemand nog tot hiertoe geluk om hierdie buitengewoon skrander en bekwame man wat vir 90,000 moorde aanspreeklik gehou word, onder kruisverhoor vas te vra nie. Intussen is dit die taak van die verdediging om sy stryd teen hierdie onsigbare kroongetuies voort te sit.

**Met verwysing na die vernietigingsmaatreëls van die Duitse leër tydens sy terugtog aan die Oosfront, het Paget gesê dat hoe totaler 'n oorlog hoe geringer die verantwoordelikheid van die soldaat, maar deste groter die verantwoordelikheid van die politici.**

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# KOERANTE UITGEDAAG

**„Belangstellende Leser, Goodwood", skryf:—**

U inleidingsartikel onder die opskrif **„Verwyder die Bron"** het ek gelees en vir die hoeveelste keer herlees. Ek het by myself probeer redineer en my daarvan oortuig dat ek nie eens dit sal waag om as opponent myself belaglik voor te stel, om teenargumente te probeer opwerp nie. Ek voel lus om met u artikelgedagtes die koerante een en almal afsonderlik—of toemaar **ook gesamentlik—uit te daag om op „Verwyder die Bron"** te antwoord. Indien daar enige koerant of politikus mans genoeg is, en iets wat iets werd sal wees, kan sê, **dan sal tenminste een van u lesers dit met belangstelling wil lees en hoor!** Ek beweer dat die argumente en gedagtes van u nie omver gewerp kan word nie. Ek vra eindelik: „Kom wie gaan dit waag?"

## V.S.A.-Bevolking

Die jongste volledige opname gee die bevolking van die Verenigde State aan as 148,720,000, wat 'n vermeerdering van 17,051,000 of 12.9 persent is sedert 1940.

★ Suid-Afrikaanse Spoorweë ★

**UNIE-TYDTAFEL**

**Dit word vir algemene inligting bekend gemaak dat 'n nuwe Unie-Tydtafel vanaf Maandag, 28 November 1949, in werking sal tree en binnekort by Spoorwegboekwinkels te koop aangebied sal word.**

**Moontlike passasiers word aangeraai om hulle plaaslike Stasiemeester of die Publisiteits- en Reisafdeling te raadpleeg alvorens reise oor lang afstande te onderneem.**

W. M. CLARK,
Hoofbestuurder.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## BETREKKING VAKANT

**SNELSKRIF-TIKSTER.**— Applikasies word ingewag vir 'n tweetalige snelskrif-tikster vir 'n vakante betrekking in die Ossewabrandwag en Voorslag kantore. Salaris volgens ondervinding. Dit word verwag dat die suksesvolle kandidaat 'n lid van die Ossewabrandwag moet wees. Doen aansoek by die **Stafhoof, Groote Kerkgebou 703, of Posbus 1411, Kaapstad.**
2/11/2

## ALGEMEEN

**„BERGHEIM" — Vakansieoord, Posbus Kroondal, RUSTENBURG. Telefoon 1023, Rustenburg.**
Goeie smaaklike etes, elektriese lig, binneveermatrasse, water in kamers, perdry, beste swembad, tennis en ander sport. Mooiste plek van omgewing. Terme redelik. —
**K. J. H. Behrens.**
2/11/1B

## TE KOOP

**WATTELPALE EN SPARRE.** —
Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk.
Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk.
Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte £3 10/- per 1000 met bas.
Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet lengtes £2 15/- per 1000, met bas.
Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: **L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown.**
Kontant met bestelling. 31/8/TK

## GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

## GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

## MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.**
(Nr.1) 1/9/49

## MARK AGENTE

**Kamerade! Aandag!**
Stuur al u produkte aan **U. S. Bellingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A." Foon 1063.** As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswilig.
21/9/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

## SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.
19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:— **M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

**G. A. FICHARDT Bpk.**
**HANDELAARS**
BLOEMFONTEIN

## PLUIMVEE

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**
**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

# IS U 'N REPUBLIKEIN ?
# Dan is DIE O.B. u blad

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van..............................

vir die eerste..........................maande.

NAAM: ..........................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..........................................................

..........................................................

..........................................................

..........................................................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.
*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*

DIE
**Boere Jeug**
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 9 NOVEMBER 1949

# Die Sieraad Van Ons Jeug

**„Die sieraad van die jongmanne is hulle krag."—**
**SPR. 20: 29.**

**In sy gejaag na mag en eer, is die mensdom hedendaags geneig om sy balans te verloor en die waarde van dié dinge wat die lewe edel en mooi maak, te vergeet en verwaarloos. Een van die belangrikste waardes wat op hierdie wyse onderskat en afgeskeep word, is die ontwikkeling van die potensiële kragbronne van die jeug — daardie bronne wat die sierlike, beheerste bates van ons volksjeug behoort te wees.**

### ONS SPIERKRAG

Laat ons God dank vir die gesonde, welgeskape liggame waarmee Hy ons begenadig het. Baie volkere begeer daardie gesonde, energieke gestaltes wat ons as so vanselfsprekend beskou, en duisende van ons eie volksgenote in gestigte en verpleeginrigtings sou die helfte van hulle smartelike bestaan wou verruil vir 'n gesondheid wat hulle, al was dit net vir 'n rukkie, ook in staat sou stel om iets meer te beteken vir God, Volk en Vaderland. Maar word daardie spierkrag ooit deur ons jeug ten volle uitgebou?

Dit was ongetwyfeld die oogmerk van die Skepper dat al die moontlikhede van ons gesonde liggame ontplooi sou word. Daarom, immers, het Hy ons nie in 'n outomatiese paradys gestel nie, maar ons uitgestuur in 'n wêreld, waar ons in die „sweet van ons aanskyn ons brood sou eet" en deur die adel van ons handearbeid ons spierkrag sou ontwikkel tot 'n sieraad, wat ons roeping as heersers oor 'n kragtige skepping, waardig sou wees. Kan dit sonder doel wees dat die Seun van die Mens, in Nasaret, vir die grootste deel van sy aardse omwandeling sy sieleadel verryk het met 'n spierkrag wat by die saag en die skaafbank, in die versorging van 'n weduwee-Moeder en haar afhanklike kindertjies 'n oefenskool gevind het? Mag ons volk nooit skaam word vir die handearbeid nie, maar liewer inspirasie put uit die voorbeeld van 'n Meester wat sy liggaamskragte ontplooi en beheers het in diens van die mensheid. Laat ons ook, soos Hy, die Vader dank vir ons sierlike spierkrag deur ons breë skouers met bereidwilligheid in te druk onder die kruis van ons swakkere volksgenote. „Dra mekaar se laste", so stel Paulus dit „en vervul so die wet van Christus."

### ONS BREINKRAG

Maar terwyl ons strewe na 'n gesonde, gespierde volk, laat ons ook nie die breinkrag van ons jeug vergeet nie. Immers, dan sou ons die sieraad van ons menssyn versmaad, wat ons verhef bo die magtiger diere om ons en vir ons die meesterskap verseker oor die natuur se onuitputlike atoomenergie. Baie van ons eie volksgenote geniet die voorreg van 'n kragtiger spierontwikkeling as die menigtes, en tog moet hulle in gestigte versorg en deur ander beheers word, omdat die Skepper hulle die sieraad van 'n normale verstand onthou het.

Laat ons die Skepper dank vir die onopgeloste vraagstukke, die moeilike beslissings, die ingewikkelde tegniese vereistes wat ons gees tot die uiterste toe op die proef stel in die alledaagse lewensstryd. Dis in hierdie leerskool waar ons brein die moontlikhede wat die Skepper binne-in ons weggelê het, kan uitbou en dissiplineer in diens van ons volksgemeenskap. Laat ons met teerheid dink aan die sielsiekes en swaksinniges, en ons voortdurend inspan om deur ons simpatie hulle jammerlike lot vir hulle draagliker te maak. Daardeur bring ons die hoogste hulde aan die Skepper, wat ons wysheid gegun het sodat ons die onverstandiges tot leidsmanne en helpers kan wees.

# VERJAARDAG-KETTING

Hierdie maats verjaar gedurende die volgende week. Ons wens hulle van harte geluk.

**NOVEMBER**


12 Magrita Birkholtz, Frankfort.
Annie Eksteen, Franschhoek.
13 Lenie Pretorius, Rustenburg.
Andre le Roux, Groenendal, Wellington.
Santie Hugo, Franschhoek.
Christiaan Janeke, Frankfort.
14 Anna Havenga, Mafeking.
Bertie Louw, Suider-Paarl.
D. Siebrits, Paarl.
15 Monica de Bruyn, Frankfort.
Frikkie Dreyer, Frankfort.
16 Daneel Grobbelaar, Fauresmith.
J. S. Crafford, Stellenbosch.
Allen Breytenbach, Kirkwood.
Christiaan van der Westhuizen, Wellington.
Petra Olivier, Beaufort-Wes.
Hendrik Taljard, Pk. Bosbokrand.
17 Sanna Smith, Oudtshoorn.
Anna Wegenaar, Frankfort.
18 Adriana le Roux, Buurmansdrift.

# Aanval Op Reeks

*(vervolg van bladsy 1, kolom 5)*

mag wees, die V.V.O. die volle reg het om die protektorate se oordrag aan die Unie te bespreek. **Dit is geen inmenging nie, verklaar die blad. Brittanje het hierdie reg vrywillig aan die V.V.O. afgestaan toe hy vroeg in die bestaan van die V.V.O. besluit het om gereeld verslag te doen.**

*100,000 werkers met een enkele gedagte!*



Of 'n Spoorwegman nou ook al Hoofbestuurder, Kruier, Kok of Lokomotiefdrywer is, is hy steeds in die eerste plek 'n spoorwegman, bewus daarvan dat hy deel van 'n geweldige, ingewikkelde, en tog menslike organisasie uitmaak. Dit is hierdie één, eenvoudige gedagte wat vir u, die gebruiker van die Spoorweë, só veel beteken. Dit is die aansporing tot daardie ekstra beleefdheid, daardie ekstra diens wat u kry van spoorwegmanne wat trots op hul werk is, en van 'n organisasie wat trots op sy spoorwegmanne is.

S·A·S

**SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË**
DIENS LANGS DIE HELE LYN

# VOLK MOET BEGIN REPUBLIKEINS DINK

**Die twee ampte „Leier van die Opposisie" en „Opperbevelhebber van die Leër" was nie met mekaar te versoen nie. Een van die twee moes dus afgeskaf word. Toe die Malan-bewind besluit het om genl. Smuts, wat albei ampte beklee het, af te dank as Opperbevelhebber, het hy gehandel ooreenkomstig parlementêre insig. Republikeins gesien, moes die amp „Opposisie-leier" afgeskaf gewees het, betoog ons medewerker in onderstaande artikel. Ons volk sal moet begin leer om republikeins te dink, en nie meer parlementêr nie, lui dit.**

Ons praat graag van ons groot ideaal: 'n vrye onafhanklike republiek. Maar wat verstaan ons daaronder? Ons het al gewoond geraak aan die teëstelling: republikanisme teenoor imperialisme, en republikanisme was tegelykertyd ons vryheidsideaal.

**In die jongste tyd het hierdie teëstelling egter vertroebel geraak deur die idee van 'n republiek binne die Statebond, of te wel, Empire. Om nou van 'n republiek en ons vryheidsideaal tegelyk te praat veroorsaak verwarring.**

Daar is egter 'n ander teëstelling wat in die toekoms seker al hoe meer benadruk moet word, nl. republikanisme teenoor parlementarisme. Die woord „republiek" is eintlik 'n leenwoord uit Latyn. Dalk is „volkstaat" 'n suiwere Afrikaanse woord.

**Wanneer ons dus stry vir 'n republiek, stry ons vir 'n staat wat verskil van die soort staat wat ons vandag ken. Om dié doel te bereik moet die bestaande grondwet nie ontwikkel word nie, maar stuk vir stuk hervorm word. Elke geleentheid wat hom voordoen om die grondwet te hervorm na die voorbeeld van die Suid-Afrikaanse volkstaat moet aangepak en ten volle benut word.**

### Deur A. J. van Rooy

#### SAMESTELLING

Die volkstaat bestaan uit die volgende (indien ons deurgaans die geskiedkundige terme gebruik): Aan die hoof van die staat staan die President (gekies deur die volk) wat regeer met behulp van sy Uitvoerende Raad. Die regterhand van die president in die Uitvoerende Raad is die Staatsekretaris. Verder bestaan die Uitvoerende Raad uit die Kommandant-generaal en ander persone wat deur die President in oorleg met die Staatsekretaris belas word met die verskillende afdelings van die staatsgesag.

Verder word die President in sy wetgewing bygestaan deur die Volksraad, gekies deur die volk volgens kiesafdelings, en die Tweede Volksraad, wat ook deur die volk gekies word, maar **op so 'n wyse dat hulle veral met die nywerheids- en tegniese wetgewing belas kan word. Beroepsverteenwoordiging is 'n moontlike wyse waarop die Tweede Volksraad saamgestel kan word.**

Die Parlementêre stelsel verskil heeltemal hiervan en is lank nie so suiwer Suid-Afrikaans en so goed volksverteenwoordigend nie.

#### IN DIE PAD

**Die gesonde ontwikkeling van Suid-Afrika vereis 'n verandering van ons grondwet, en enigiemand wat dit teenstaan, staan in die pad van die verdere vooruitgang. Want ook die staatstelsel moet ontwikkel en indien dit nie in Suid-Afrika op 'n Suid-Afrikaanse basis verder kan ontwikkel nie, sal verstarring onvermydelik die gevolg wees. Dit sal veroorsaak dat ons land nie groot sal word nie, en dat ons staatsmanne nie die geleentheid sal kry om hulleself tot grootheid te bring nie.**

Allereers sal dit nodig word dat ons republikeins begin dink en dat ons probleme en die oplossing daarvan sal sien in die lig van die toekomstige volkstaat. Dit moet vir ons 'n nuwe mode word.

#### TWEEKEER SNAAKS

Hulle sê dat 'n mode tweekeer snaaks is — wanneer dit pas begin mode word, en wanneer dit net pas uit die mode geraak het! So gaan dit ook met denkwyses.

Beskou byvoorbeeld die onlangse afdanking van genl. Smuts as opperbevelhebber eers in 'n parlementêre perspektief en dan in 'n republikeinse perspektief. Parlementêr gesien was genl. Smuts na die val van sy regering tegelykertyd Opperbevelhebber en die Leier van die Opposisie. Dit het 'n onhoudbare posisie teweeggebring en dit was vanselfsprekend dat die amp „Oopperbevelhebber" afgeskaf word.

#### REPUBLIKEINS GESIEN

**Republikeins gesien, staan die saak so: Genl. Smuts het terselfdertyd Opperbevelhebber en „Leier van die Opposisie" geword. „Leier van die Opposisie" is egter nie 'n amp wat in die grondwet van 'n volkstaat of republiek inpas nie, maar Opperbevelhebber of Kommandant-generaal wel. Dit is dus vanselfsprekend dat die amp „Leier van die Opposisie" afgeskaf word!**

Volgens die regeringskoerante doen genl. Smuts die land baie kwaad as Leier van die Opposisie. **As Opperbevelhebber het hy sedert Mei 1948 geen kwaad gedoen nie.**

**Moes ons Eerste Minister nie liewer sake vanuit 'n republikeinse oogpunt beskou het en genl. Smuts liewer Opperbevelhebber laat bly het en die amp „Leier van die Opposisie" afgeskaf het nie?**

Terwille van ons Engelssprekende vriende kan ons net byvoeg dat in die Engelssprekende Amerika Truman en Dewey teenstanders was met die presidentsverkiesing. Die verslane kandidaat, Dewey, is vandag nie leier van 'n Opposisie nie, maar goewerneur van die belangrikste staat New York! 'n Volkstaat is voordelig, ook vir Engelssprekendes!

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## Engels Verdring Hollands In Oos-Indië

**'n Berig uit Australië meld dat Hollands in die nuwe republiek van Indonesië vervang sal word deur Engels as die vernaamste vreemde taal. Australiese onderwysers en tegnici sal die Hollanders vervang wat hulle tot dusver aan die ontwikkeling van die voormalige Hollandse kolonie gewy het.**

**Moontlik mag hierdie stap daartoe lei dat Engels nou in Holland vervang sal word deur Hollands.**

## Pot Verwyt Die Ketel

**Daar het in die afgelope week 'n nuwe klein oorloggie tussen die V.P. en die H.N.P. gewoed as gevolg van twee spotprente wat in die Sunday Express en Die Burger onderskeidelik verskyn het.**

Die spotprent wat in die Sunday Express verskyn het, stel dr. Malan voor waar hy besig sou wees om protektoraat-naturelle die Unie binne te nooi. Maar in die vertrek waarin hy hulle nooi, voorstellende Suid-Afrika, is 'n blanke man besig om nie-blankes met 'n knuppel neer te slaan. Twee lê reeds plat op die grond, terwyl 'n derde met verskrikte oë en uitgestrekte arms besig is om die nekslag te probeer afweer.

Die spotprent wat in Die Burger verskyn het, stel genl. Smuts voor waar hy besig is om 'n „liefdes"-brief te skryf aan nasionale Afrikaners. In sy brief noem hy die Afrikaner 'n „pes", 'n „Egiptiese plaag", 'n „rampokker", 'n „mensvreter", ens.

Na aanleiding van die eersgenoemde spotprent het adv. J. G. Strydom, onderleier van die H.N.P., gesê: „Hierdie mense skaar hulle aan die kant van die Kommuniste. Hulle is besig om die nie-blankes teen die blankes op te hits en gaan daarin byna nog verder as die Kommuniste. Die spotprent is so afskuwelik en kan so 'n verwoestende uitwerking op die rasseverhoudinge in ons land hê, dat die vraag ontstaan of dit nie 'n oortreding van die wet is wat opruiing van die rasse teen mekaar verbied nie," het adv. Strydom besluit.

Na aanleiding van Die Burger spotprent skryf Die Suiderstem, Kaapland se V.P.-orgaan:

„Die prent is gebaseer op Hitler se resep dat hoe groter die leuen hoe groter sy trefkrag. Ons daag die blad uit om te bewys dat genl. Smuts ooit sy mede-Afrikaners in die H.N.P. 'n pes, 'n Egiptiese plaag, 'n rampokker, 'n mensvreter en 'n ding wat in die nag rondkruip, genoem het. Genl. Smuts het ook nooit verklaar dat apartheid 'n vloek is nie. Hy het slegs gesê dat die soort apartheid wat dr. Malan wil toepas en wat die Kleurling hul regte wil ontneem, 'n vloek is."

Dit is treffend dat min. Strydom niks te sê gehad het oor Die Burger se spotprent nie en dat Die Suiderstem ewe-eens geswyg het oor die Sunday Express se spotprent. Vir party politici is dit egter nie vreemd nie, want in die party-politiek is die enigste soort leuen wat afskuwelik is, die leuen wat jou vyand vertel.

# KANDIDATE MOET PROTESTANTE WEES VERSOEK SINODE: NAAM GENOEM

Die Sinode van die Kaapse N.G. Kerk het as beleid aanvaar dat alle lidmate van die kerk daarop moet aandring dat kandidate by verkiesings Protestantse Christene moet wees.

Die voorstel is ingedien deur ds. J. A. Kriel, predikant van die Nieuwe Kerk, Kaapstad, na aanleiding van 'n kommissieverslag waarin o.a. verwys is na die kandidaatskap van luit.-kol. George Wynne vir die H.N.P. in Port Elizabeth. Hy sou, beweer die verslag van die Kommissie vir Waaksaamheid teen die Roomse Gevaar, 'n Rooms-Katoliek wees en het 4,000 Protestantse stemme met die onlangse verkiesing ingeoes.

„Rome begin reeds sy magte te mobiliseer t.o.v. die politieke terrein," lui die verslag. „Twee jaar gelede is deur die Roomse Biskoppe 'n nasionale raad (National Council of R.C. Bishops) gestig. 'n Soortgelyke organisasie oefen reeds geweldige invloed in Amerika uit. Die bedoeling van die organisasie is veral om politieke leiers te beïnvloed en natuurlik om Roomse manne in leidende posisies te kry. Luit.-kol. Wynne, verstaan ons, is 'n Rooms-Katoliek en was onlangs kandidaat vir die Parlement in Port Elizabeth en het 4,000 Protestantse stemme op hom verenig. In Johannesburg het 'n stadsraadslid, O'Conner, per omsendbrief 'n besondere beroep op die Roomse kiesers gedoen om hom te steun.

„In Durban is die burgemeester 'n Rooms-Katoliek."

Ds. G. J. Boshoff (Port Elizabeth-Wes) het die volgende voorstel ingedien: „Aangesien die Sinode heeltemal onbewus is van enige afbrekende werk van luit.-kol. Wynne, maar inteendeel onder die indruk verkeer van sy positiewe, Christelike en onbevooroordeelde optrede in die openbare lewe, weerhou die Sinode hom van enige verdere verwysings na sy naam en persoon."

Dr. A. J. van der Merwe, die Moderator, het gesê dat hy persoonlik spyt is dat kol. Wynne se naam genoem is.

Etlike lede van die Sinode wou hê dat die verwysing na kol. Wynne se positiewe, Christelike en onbevooroordeelde optrede in die openbare lewe uit die voorstel geskrap moes word aangesien hulle hom nie 'n „spesiale getuigskrif" wou gee nie.

## Huwelik Nie Ter Sprake In Seretse-Saak

Dat die Britse regering die kwessie van Seretse Khama se gemengde huwelik nie ter oorweging sal neem in enige besluit betreffende sy opperhoofskap van die Bamangwato-stam in Betsjoeanaland nie, het weereens verlede week geblyk toe 'n parlementslid aan die betrokke minister gevra het om 'n plegtige versekering te gee dat die houding van die regering in geen opsig beïnvloed sal word deur die feit dat Seretse Khama met 'n wit vrou getroud is nie. Die minister het geantwoord dat daar geen noodsaaklikheid bestaan om so 'n versekering te gee nie.

Soos voorheen in Die O.B. berig, is die taak van die kommissie van ondersoek bloot om vas te stel of Seretse die geskikte persoon is om opperhoof te word. Geen verwysing na sy meng-huwelik word gemaak nie.

---

**Dr. N. P. van Wyk Louw** is benoem tot hoogleraar aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam waar hy Afrikaanse kultuur en letterkunde sal doseer vanaf Februarie aanstaande jaar.

# MAKMAKERS HET NOG ALTYD MAK GEWORD: FUNKSIE OP WOLSELEY

**Kommando A8a1 (Wolseley) het Fondsdaginsameling vanjaar gehou op die plaas van veldkornet J. P. Viljoen op Saterdag, 29 Oktober.**

**Verversings is te koop aangebied vanaf twee-uur wat die bedrag van £52 16s. 5d. opgebring het. Die verkoping was onder leiding van komdte. A. M. du Toit.**

**Om half-vier is 'n vergadering op die terrein toegespreek deur genl. W. R. Laubscher, wat aan die gehoor voorgestel is deur komdt. H. Conradie wat die verrigtinge gelei het.**

Die spreker het op besielende wyse uitgewei oor die taak van die O.B. as draer van die republikeinse gedagte, wat deur die jongste politieke verwikkelinge op die O.B. alleen kom rus het.

Die volksvreemde partystelsel het nog steeds daartoe gelei dat die Afrikanervolk bedroë uitgekom het met meeste van sy leiers, wat in die poging om die **Engelse mak te maak** nog sonder uitsondering self mak geword het. Daarom gaan die O.B. ook nog onverpoosd voort in sy stryd vir 'n suiwere Afrikaanse en eg republikeinse Volkstaat en Volksregering.

Stemmevangery is onder die partystelsel so belangrik dat 'n **nasionale regering** die inwyding van die Voortrekkermonument verwater tot 'n koue siellose fees sonder vlag of volkslied, waar dit 'n voortsetting van die warme Volksfees van 1938 moes gewees het.

Ten slotte het genl. Laubscher kortliks aangehaal van die politieke verwikkelinge wat daar moontlik binnekort mag plaasvind met betrekking tot die H.N.P.-A.P. ooreenkoms.

Om 5-uur is die verrigtinge afgesluit met die sing van Die Stem.

Met die opening van die verrigtinge het komdt. Conradie gewys op die gevaarlike gerustheid wat daar blykbaar in Afrikaner-geledere, selfs onder O.B.-lede heers.

'n Mosie van deelneming met die nabestaandes van Oom Fanie du Toit en Oom Ernst van Schalkwyk, twee van die oudste en getroue lede van die beweging, wat die kommando deur die dood ontneem is, is deur die vergadering staande aangeneem.